Saterdag **10 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 91**

**Fokusgedeelte: Psalm 91:1, 14 (AFR83)**

## Vertrou op God, jou toevlug en beskerming

Die tyd waarin ons leef, vra wysheid. Tragies dat daar so baie valse inligting as waarheid versprei word, byvoorbeeld dat jy as gelowige net aan Psalm 91 moet vasgryp en dit sal jou vrywaar van siekte.

Wanneer mense dan siek word, is die gevolgtrekking: Dit help nie om te glo nie, want dit werk nie.

Psalm 91 is ’n wysheidspsalm. Hierdie wysheid gaan daaroor om reg voor God te leef. Psalm 91 begin:

*Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind*
*en die beskerming van die Almagtige geniet,*
*hy sê vir die Here:*
*“U is my toevlug en my veilige vesting,*
*my God op wie ek vertrou.”*

Dit gaan daaroor dat jy wat by die Allerhoogste skuiling vind, onwrikbaar op God vertrou. God se reaksie op jou as gelowige vind jy in vers 14:

*“Omdat hy My liefhet, sal Ek hom red,”*
*sê die Here.*
*“Omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm.*
*Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor;*
*in sy nood sal Ek by hom wees,*
*Ek sal hom red en hom in sy eer herstel.”*

Psalm 91 is nie ’n absolute versekering dat jy, gelowige, nie sal siek word nie, maar ’n versekering dat God by jou wat Hom liefhet, sal wees. In jou nood sal Hy jou red en jou in jou eer herstel.

Dit is presies wat op Golgota gebeur het. In jou grootste nood, jou sondenood, het Jesus Christus jou gered. Hy het die straf vir jou sondeskuld gedra sodat jy vrygespreek is. Daarby het Hy aan jou sy Gees en die ewige lewe gegee sodat jy in jou nood kan weet: Niks kan jou van God se liefde skei nie (Rom. 8:32).

*Sing: Psalm 91-1:1, 6*

*Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)*